ONDERSOEK JOU HART DEEL 2
Ds Freddie Schoeman
22 Januarie 2006

Op 2:1-7

Die gemeente in Efese het die Jesus nie meer so lief gehad soos in die begin nie. Hulle het al die regte dinge gedoen, maar hulle harte was op ’n andere plek. Hulle basiese motivering was nie meer die liefde van Jesus nie. Jesus het van die gemeente verwag om dit weer te herwin. (vs 5a)

Gebed speel belangrike rol. Dit is die een ding wat ’n barometer is van ons *harte*. As jy wil weet hoe naby of hoe ver jou hart van die Here af is – kyk na jou gebedslewe. Gebed het die drie vorms:

- Persoonlike gebed (een-tot-een) [Laas week]
- Gesamentlike gebed (erediens) [Vandag]
- Voorbidding [Week van Gebed]

Het u al ooit gewonder oor die feit dat die gebed wat Jesus sy dissipels geleer het begin met die woorde: *Ons* Vader? Hoekom nie meer persoonlik nie: *My* Vader? Die rede hiervoor is dat ons altyd in gemeenskap met ander gelowiges is. Ons is altyd deel van die groter geheel van die liggaam van Christus. Wanneer ons bid is ons altyd een van ’n groter groep: die kerk van Jesus Christus oor die wêreld; sowel as die plaaslike gemeente.

Die “ons” kom tot sy volle betekenis wanneer ons gesamentlik aanbid – veral in die vorm van ’n erediens soos vanoggend.

Wat gebeur in ’n erediens?

Daar is twee aangrypende gedeelte in die Bybel wat iets hieroor vir ons sê. Die een is in die Ou Testament (2 Kron 5) en die ander een is in die Nuwe Testament (Hand 4).

In beide hierdie gedeeltes sien ons dat die teenwoordigheid van God op ’n kragtige manier beleef word wanneer gelowiges sáám aanbid.

Daar is op die oomblik nogal ’n goeie radio-advertensie wat mense aanmoedig om elektrisiteit te respekteer. Ek dink dit begin met die woorde: “Die gevaar is rondom jou” (of so iets) en dan gaan die voort om te sê dat elektrisiteit gevaarlik is en dat dit met groot omsigtigheid hanteer moet word.

Dieselfde is waar van ’n erediens. In ’n erediens het ons te doen met ’n geweldige groot krag – die almag en die heerlikheid van die Here self.

Annie Dillard, ’n bekende Christelike skrywer, skryf in een van haar essays (“Expedition to the North Pole”) juis hieroor. Sy vra: “Does anyone have the foggiest idea what sort of power we so blithely invoke? The churches are children playing on the floor with their chemistry sets, mixing up a batch of TNT Sunday morning. It is madness to wear ladies’ straw hats and velvet hats to church; we should all be wearing crash helmets. Ushers should issue life preservers and signal flares: they should lash us to our pews.”

Ons is soos kinders wat hoogs plofbare materiaal hanteer! Daarom, sê sy, het ons ding nodig wat ons beskerm, soos *valhelms*!

Wanneer ons saam aanbid, vind daar iets *kragtig* plaas. Elke Sondag betree ons gevaarlike terrein – miskien moet ons groot GEVAAR! – tekens aanbring by die kerk se deur om ons daaraan te herinner.

Ons loop die gevaar

- dat ons lewe onherroeplik sal verander
- dat ons denke vernuwe sal word
- dat ons harte omgekeer en omgedop sal word

’n Erediens is nie en mag nooit vervelig wees nie. Wanneer ons dit reg benader sal dit nooit wees nie.

Wat is die effek van ’n erediens op ons lewens?

- Dit *bemagtig* ons vir die lewe

Wanneer ons die Here saam aanbid, dan word ons weer intens bewus van wie ons is en aan wie ons behoort. Ons is God se kinders en ons behoort aan Hom. God het ons oneindig lief; Hy gee om vir ons; Hy sien om na ons. Met hierdie wete kan ons die lewe weer opnuut aanpak, en kan ons die struikelblokke en die uitdagings oorkom en die hoof bied. Ons perspektief op ons probleme verander: ons kom agter hulle is toe nooit so groot as wat ek gedink het nie – nie as ons dit vergelyk met grootheid van God nie.

- Dit bou *gemeenskap* in ons lewens in

’n Erediens herinner ons nie net dat ons nooit sonder God is nie, maar ons is ook nooit sonder ander mense nie. Gesamentlike aanbidding sê ons is deel van ’n groter geheel. Ons is nie maar net ’n klomp individue wat vanoggend hier sit nie – ons is op ’n besondere manier aanmekaar gebind. Ons is ledemate van dieselfde liggaam. Ons is lotsverbonde aan mekaar – wat met die een gebeur, gebeur met die ander.

Gesamentlike aanbidding versterk mekaar. Ons steek mekaar aan met ons ywer en met ons geloof. Daarom is dit so belangrik dat elke gemeentelid elke Sondag hier sal wees. Elke gemeentelid wie se plek leeg is, neem iets weg van die totaal. Dit maak die erediens minder as wat dit kan wees.

Niemand is onmisbaar nie? Moenie glo nie. *Elkeen van ons* is onmisbaar.

- Dit gee *betekenis* aan ons lewens

Tydens ’n erediens word ons waardestelsel weer reggepak – ons kom net weer agter wat werklik belangrik in die lewe is en wat nie. Ons ontdek weer wat die lewe sin en betekenis gee. Tydens elke erediens hoor ons as ‘t ware weer opnuut die woorde van Jesus wat sê: Moet julle nie bekommer oor …. Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk. Moenie julle ophou met onbenullighede nie – gee eerder aandag aan dit wat ewigheidswaarde het.

- Dit gee *hoop* vir die lewe

Elke Sondag is ’n klein Paasfees. Elke Sondag vier ons die opstanding van Jesus weer opnuut (Dis die rede waarom ons op ’n Sondag bymekaarkom, die eerste dag van die week en nie op die Sabbat, die laaste dag van die week nie.) Die feit dat Jesus opgestaan het gee aan ons die oorwinning oor die sonde en die dood. Ons hoef nie meer ’n hoop-lose doodsbestaan te voer nie. Dit stel ons in staat om vêrder te kyk as die tragedies en die teleurstellings, die siektes, die hartseer van die lewe.

---ooo---000---ooo---

Juis omdat die erediens so ’n kragtige gebeurtenis is, is dit belangrik om onsself voor te berei daarop. Wat beteken dit om ‘reg te maak vir kerk’? Gewoonlik in die meeste huisgesinne is dit ’n holderstebolder gejaag om klaar te maak: bad / stort, aantrek, jaag kerk toe. (Ons slaap gewoonlik ’n bietjie later op ’n Sondag as wat ons moet!)

Wat sou beter wees?

Rustig
Maak tyd om die Here te nader in gebed

Die gesindheid waarmee ons na die erediens toe kom, verraai die toestand van ons harte!